
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2025

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE AMERIKAANSE BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

   VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

**VRAAG 1: HOE HET DIE INPERKINGSBELEID IN 1947 TOT KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE BYGEDRA?**

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Gebruik Bron 1A.

1.1.1 Wie, volgens die bron, het Churchill blameer vir: ' 'n Skadu het geval oor die tonele wat nog onlangs deur die Geallieerde oorwinning verlig is'? Gee TWEE antwoorde. (2 x 1) (2)

1.1.2 Waarom, dink jy, het Churchill 'n versoenende (sagte) houding teenoor die Sowjetunie ingeneem ten spyte van hulle ekspansionistiese neigings? (1 x 2) (2)

1.1.3 Definieer die term *Ystergordyn* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.4 Lewer kommentaar op wat Churchill met die woorde: '… al hierdie beroemde stede en die bevolkings daar rondom, lê in wat ek die Sowjet-sfeer moet noem …', geïmpliseer het. (1 x 2) (2)

1.1.5 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat navorsing doen oor die oorsprong van die Koue Oorlog. (2 x 2) (4)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Verduidelik die simboliese verteenwoordiging van die volgende:

(a) 'n Beer/wolf met die byskrif 'KOMMUNISTIESE INFILTRASIE EN DIKTATORSKAPBEDREIGINGS' (1 x 2) (2)

(b) AMERIKAANSE HULP('U.S. AID' )-hamer (1 x 2) (2)

1.2.2 Lewer kommentaar op waarom jy die opskrif 'WAT ONS BEDOEL' as gepas beskou. (1 x 2) (2)

1.3 Verwys na Bron 1A en 1B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1A die bewyse in Bron 1B ondersteun rakende die toenemende bedreiging van kommunisme. (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.4 Bestudeer Bron 1C.

1.4.1 Wat, volgens die bron, was die eerste bekommernis van die Marshall-plan-beleidmakers? (1 x 2) (2)

1.4.2 Waarom, volgens die bron, was die inperking van die Sowjetunie die tweede grootste doel van Amerikaanse beleid? Gee TWEE antwoorde. (2 x 1) (2)

1.4.3 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat dui op die oogmerke van die derde doel van die inperkingsbeleid. (2 x 1) (2)

1.4.4 Verduidelik die implikasie van die frase: '… die dryfveer vir Europese integrasie …', in die konteks van die inperkingsbeleid. (2 x 2) (4)

1.5 Lees Bron 1D.

1.5.1 Waarom, volgens die bron, is die Molotov-plan in 1947 deur die Sowjetunie geskep? (1 x 2) (2)

1.5.2 Haal TWEE redes uit die bron aan oor waarom die Sowjetunie geweier het om finansiële hulp van die Marshall-plan te aanvaar. (2 x 1) (2)

1.5.3 Verduidelik die term *satellietstate* in die konteks van die Koue Oorlog. (1 x 2) (2)

1.5.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op wat die ROEB ('COMECON') aan die USSR en sy satellietstate gebied het. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die inperkingsbeleid in 1947 tot Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie bygedra het. (8)

**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 2: WAAROM HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) VANAF 1975 BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Watter land, volgens die bron, wou nie hê dat die MPLA oor Angola beheer verkry nie? (1 x 1) (1)

2.1.2 Noem DRIE voorwaardes in die bron vir die Amerikaanse Intelligensiediens ('CIA') se betrokkenheid in Afrika. (3 x 1) (3)

2.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom jy dink dit vir die Amerikaanse Intelligensiediens ('CIA') nodig was om in 1975 die FNLA en UNITA in die geheim te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.1.4 Verduidelik die beperkings van hierdie bron vir 'n navorser wat die rol van die MPLA in Angola bestudeer. (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat Mobutu met miljoene dollar ondersteun is. (1 x 1) (1)

2.2.2 Wat, volgens die bron, het Mobutu gedoen toe die wêreldprys vir koper vroeg in 1975 skerp gedaal het? Gee TWEE antwoorde. (2 x 1) (2)

2.2.3 Waarom, volgens die bron, is slegs $41,7 miljoen en nie $100 miljoen nie, deur die Nasionale Veiligheidsraad gemagtig om te verseker dat Holden Roberto die Angolese Burgeroorlog wen? (1 x 1) (1)

2.2.4 Lewer kommentaar op wat geïmpliseer word met die stelling: 'Die Amerikaanse Intelligensiediens se taak was skynbaar nie om te wen nie, maar om 'n maklike oorwinning deur die Sowjet-gesteunde magte te voorkom'. (1 x 2) (2)

2.2.5 Definieer die term *selfbeskikking* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Haal enige TWEE bewyse aan wat in die bron genoem word, wat verduidelik waarom Hultslander teen geheime-operasie-programme in Angola gekant was. (2 x 1) (2)

2.3.2 Verduidelik die term *geheime aksie* in die konteks van die Amerikaanse Intelligensiediens ('CIA') se program in Angola. (1 x 2) (2)

2.3.3 Lewer kommentaar op wat geïmpliseer word met die stelling: 'Kissinger was bang dat 'n MPLA-oorwinning destabiliserende (ontwrigtende) gevolge regdeur suidelike Afrika sou hê', in die konteks van Amerikaanse betrokkenheid in Angola. (2 x 2) (4)

2.3.4 Wat, volgens die bron, het Hultslander gedoen tydens sy deurnag-sessie met [Senator] Clarke by Killoran se Luanda-woning? Gee TWEE antwoorde. (2 x 1) (2)

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 Lewer kommentaar op waarom jy NIE met Kissinger se stelling, '… en my land, as 'n party betrokke by die bemiddeling van die konflik, belowe om alles te doen om dit tot 'n besliste einde te bring', saamstem NIE. (2 x 2) (4)

2.4.2 Watter gevolgtrekking kan uit die spotprenttekenaar se uitbeelding van die volgende bevrydingsbewegings met betrekking tot hulle verhouding met die VSA gemaak word:

(a) MPLA (1 x 2) (2)

(b) UNITA (1 x 2) (2)

2.5 Verwys na Bron 2A en 2D. Lewer kommentaar op hoe die inligting in Bron 2A die bewyse in Bron 2D ondersteun rakende die betrokkenheid van die VSA by die Angolese Burgeroorlog. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik waarom die Verenigde State van Amerika (VSA) vanaf 1975 by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het. (8)

**[50]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3: HOE HET DIE GEWELDLOSE BENADERING WAT DEUR MARTIN LUTHER KING JR. AANGENEEM IS, DIE BURGERREGTE-BETOGINGS GEDURENDE DIE 1960's IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) GEKENMERK?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Wie, volgens die bron, het King Jr. indirek beïnvloed om die geweldlose benadering op die spesifieke probleme van swart Amerikaners toe te pas? (1 x 1) (1)

3.1.2 Wat, volgens die bron, het King Jr. geleer uit 'n preek deur die president van Howard University, Mordecai Johnson, met betrekking tot die geweldlose benadering? (2 x 1) (2)

3.1.3 Definieer die term *geweldlose massabetogings* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.4 Verduidelik wat King Jr. geïmpliseer het met die stelling: 'Dit (geweldloosheid) het beteken om jouself ten spyte van geweld in gevaar te stel …', in die konteks van die burgerlike-verset-betogings. (2 x 2) (4)

3.1.5 Wat, volgens die bron, wou King Jr. bereik deur die organisering van duisende oor die hele Suide in spesifieke massa-optrede? (1 x 1) (1)

3.2 Lees Bron 3B.

3.2.1 Volgens die bron, waarom het King Jr. geglo dat die punt om 'n keuse te maak tussen militante, massiewe geweldloosheid of oproere bereik is? Gee TWEE antwoorde. (2 x 1) (2)

3.2.2 Wat het King Jr. geïmpliseer met die woorde: 'Ek is egter daarvan oortuig dat indien die oproere voortgaan, dit die regsgesindes van die land sal versterk …'? (2 x 2) (4)

3.2.3 Gee enige TWEE redes in die bron wat daarop dui dat King Jr. heeltemal tot die geweldlose benadering verbind was. (2 x 1) (2)

3.2.4 Verduidelik die term *rassegeregtigheid* in die konteks van die VSA in die 1960's. (1 x 2) (2)

3.2.5 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat geweldlose verset in die 1960's in die VSA navors. (2 x 2) (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.3 Gebruik Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik wat die volgende groepe in die vroeë 1960's ten opsigte van sitstakings by middagete-toonbanke in die VSA wou bereik:

(a) Studente wat by die middagete-toonbank sit (1 x 2) (2)

(b) Wit groep op die agtergrond (1 x 2) (2)

3.3.2 Waarom, dink jy, het studente wat aan die sitstakings deelgeneem het, hulleself nie teen die intimidasie deur die wit groep verdedig nie? (1 x 2) (2)

3.4 Verwys na Bron 3A en 3C. Lewer kommentaar op hoe die inligting in Bron 3A die bewyse in Bron 3C ondersteun rakende King Jr. se geweldlose benadering tot die protesaksies in die 1960's in die VSA. (2 x 2) (4)

3.5 Bestudeer Bron 3D.

3.5.1 Haal TWEE punte van kritiek uit die bron aan wat deur Malcolm X teen King Jr. se geweldlose benadering gemik was. (2 x 1) (2)

3.5.2 Gee enige TWEE voorbeelde van protesoptrede in die bron wat King Jr. geglo het die gewete aangeraak en 'n skuldgevoel onder die wit gemeenskap gevestig het. (2 x 1) (2)

3.5.3 Verduidelik die implikasie van die volgende kwelling wat deur James Baldwin geopper is: '… of dit moontlik sal wees om die Neger-mense binne hierdie raamwerk van geweldloosheid te beperk …' (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die geweldlose benadering wat deur Martin Luther King Jr. aangeneem is, die burgerregte-betogings gedurende die 1960's in die Verenigde State van Amerika (VSA) gekenmerk het. (8)

**[50]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae in hierdie afdeling NIE.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Die militêre taktieke en strategieë wat deur die Viëtkong tussen 1962 en 1975 in die Viëtnam-oorlog gebruik is, was suksesvol om die sterk weermag van die VSA te oorwin.

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou argument met relevante historiese bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

Die politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele beleide wat ná onafhanklikheidswording in die 1960's deur Mobutu Sese Seko ingestel is, was 'n klaaglike mislukking.

Bespreek die stelling hierbo krities met gebruik van relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Verduidelik tot watter mate die Swartmagbeweging gedurende die 1960's suksesvol was om swart Amerikaners te organiseer om rassediskriminasie en segregasie in die VSA uit te daag.

Ondersteun jou antwoord met relevante historiese bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African